Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

Wees sterk en vol moed

# INFO 08/2026

8 Mei 2026

## Van die skoolhoof

**Mekaar se belange**

**Filippense 2:4–5:** *"Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n. Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was."*

Op aarde kan ons baie skielik deur droefheid en rou omgewe word. In 'n oomblik kan ons lewens gevul word met smart. Die Psalmdigter leer ons egter dat hierdie smart draaglik word omdat ons mag glo dat ons steeds die goeie uit God se hand aanskou. Dit sluit die aardse goeie dinge in, maar bo alles ons hoogste goed: die ewige lewe deur die verlossing in Jesus Christus. Wanneer droefheid ons wil oorweldig, hou ons daarom vas aan die troos dat ons in lewe en in sterwe aan Christus behoort.

Verlede week is ons skoolgemeenskap diep getref deur die nuus dat een van ons geliefde mamma's skielik oorlede is. Skielik was een van ons gesinne in groot nood. Ons was verslae en het die nuus met ongeloof en hartseer met mekaar gedeel.

Tog het ons te midde van hierdie groot hartseer gesien hoe Filippense 2:4 voor ons oë gestalte kry. Ons het 'n gemeenskap gesien wat verstaan dat ons nie net na ons eie belange moet omsien nie, maar ook na dié van ander. 'n Gemeenskap wat hierdie gesin omarm en in liefde toevou, soos Christus self die kindertjies na Hom geroep het.

Ons het gesien hoe 'n graad 1-juffrou en graad 1-maats hulle harte vir 'n hartseer dogtertjie oopmaak. Ons het gesien hoe ander mamma's aanbied om kosblikkies te pak, etes te stuur, winterskoolklere te voorsien en op soveel ander maniere te help, te veel om op te noem. In hierdie alles ervaar ons hoe sy liefdevol ondersteun en gedra word.

Ouers en onderwysers wat self in 'n innige verhouding met Jesus, die Groot Geneesheer, staan, kan ook hierdie bedroefde kind in gesprek en gebed na Hom bring. Daarom mag ons met vertroue bid vir seën, vertroosting en genesing van emosionele pyn.

Dit herinner ons opnuut dat ons skoolgemeenskap nie maar net nog 'n gemeenskap is nie. Dit is 'n gemeenskap wat saam rou wanneer daar droefheid is, saam bly is wanneer daar blydskap is, en saam bid wanneer daar bekommernisse is.

Ons mag die Here dank dat Hy ons aan mekaar gegee het. Ons mag Hom dank dat ons selfs hier op aarde die goeie uit sy hand mag aanskou – dikwels juis deur die hande, harte en gebede van ander gelowiges.

Mag ons daarin volhard om na mekaar se belange om te sien, met die gesindheid van Christus in ons harte.

*Saskia Meijer*



Daar is heelwat **tuiswedstryde** wat die volgende paar weke plaasvind. Kom **ondersteun** gerus ons spanne.

## Beplanner

**9/05:** LS Netbal Eduplex Mini-netbaldag

**9/05:** LS Bulletjies te Garsfontein

**9/05:** HS Fietsry te HTS John Vorster

**11/05:** HS Netbal vs Clapham (tuis)

**12/05:** LS Netbal vs Educato (tuis)

**12/05:** HS Tafeltennis vs HS Zwartkop

**14/05:** Hemelvaartdag

**15/05:** HS Netbal vs Tuine (tuis)

**15/05:** KS Lekkertjiedag

**16/05:** Dopperspele

**16/05:** Opedag

**18/05:** HS Netbal vs Gerrit Maritz (tuis)

**19/05:** LS 7's te Amberfield

**22/05:** HS Netbal vs Akasia

# ALGEMEEN

## Hemelvaartprogram

Vanjaar gaan ons Hemelvaart effens anders inklee, sodat ons die eerste deel van die skooldag hieraan kan wy.

Die dag begin om **07:40 met ’n erediens** in die kerk. Ouers is baie welkom om dit by te woon. Ná afloop van die diens sal die onderskeie fases elkeen ’n eie program volg aan die hand van die tema:

**Hemelvaart: Kyk op, Christus is Koning, leef dit uit.**


Ons wil graag die “leef dit uit”-gedeelte ook tasbaar maak.

**Covenant Church of Tshwane** is ’n Engelssprekende Gereformeerde kerk. Hul predikant, ds. Kedane Habtemariam, is ’n voormalige vervolgde Christen uit Eritrea. Ds. Kedane het ’n behoeftelysie aan ons voorsien, en ons wil graag op ’n praktiese wyse na hierdie gemeente uitreik.

Ná afloop van die diens sal daar ’n kollekte wees. Die hoërskoolleerders kan ook elkeen ’n donasie gee waarmee ons graag 17 Engelse Bybels wil aankoop om aan die jeug van die gemeente uit te deel.

Elke kind in die kleuter- en laerskool kan blikkieskos of skryfbehoeftes skenk. Ons sal dit insamel en saam met die Bybels aan ds. Kedane oorhandig.

Mag hierdie dag ons opnuut daaraan herinner dat Christus regeer en dat ons geroep word om dit ook in liefde en diensbaarheid uit te leef.




GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

# U WORD HARTLIK UITGENOOI NA ONS HEMELVAARTDIENS

**te Gereformeerde Kerk Die Kandelaar**

## 14 Mei 2026
## 7:40



## Opedag en Dopperspele

Oor ’n week vind GSDP se jaarlikse **Opedag** plaas. Dit is ’n belangrike dag aangesien ons voornemende ouers en leerders die geleentheid gee om die skool eerstehands te beleef, nie net op papier of deur sosiale media nie, maar in die werklike lewe op die terrein, met die personeel, ons leerders en ’n glimps van ons skoolkultuur.

Ouers wil graag weet aan wie hulle hul kinders toevertrou. Ons Opedag gee ’n kans om die bestuur, onderwysers en skoolgemeenskap te ontmoet en vrae te vra. Praktiese inligting oor die akademie, buitemuurse aktiwiteite, vakkeuses en vele meer word ook sigbaar vertoon.

Saam met ons Opedag bied ons ook die jaarlikse Dopperspele aan. ’n Groot geleentheid waar lidmate van verskillende Gereformeerde gemeentes mekaar ontmoet, lekker deelneem, ontspan en kuier en terselfdertyd ook ons skool mag ervaar.

Om hierdie dag te laat realiseer, verg baie beplanning en harde werk. Ons kan dit nie uitvoer sonder **die hulp van veral ons hoërskoolleerders** nie. Ons doen dus ’n beroep op u as ouer om u kind aan te moedig om sy deel te doen tydens hierdie geleentheid.

Vir ons is hierdie dag ’n besondere geleentheid om te wys dat die skool nie bloot ’n akademiese instelling is nie, maar ’n gemeenskap waar kinders in verbondenheid aan die Here, hul gesinne en mekaar, toegerus word om waarlik ligdraers te mag wees.






## Teetuin

Ons het vanjaar die voorreg om die **Teetuin** tydens die **Dopperspele** te bedryf ter stywing van ons fondse. Dit is vir ons ’n wonderlike geleentheid, en ons wil dit graag met entoesiasme aanpak.

Die **fondse** wat deur die Teetuin ingesamel word, sal aangewend word vir die **opgradering van die Verbruikerstudieklas**.

Vir die Teetuin beplan ons ’n eenvoudige, smaaklike spyskaart: heerlike egte koffie saam met ’n verskeidenheid gebak wat maklik bedien en geniet kan word.

Ons sal baie dankbaar wees indien ouers vanuit die hele skool ons met die volgende bestanddele of bydraes kan help:

**Bestanddele benodig:**

- 2 kg wit suiker
- 1,5 kg versiersuiker
- 1,6 kg bruinsuiker
- 1 kg chocolate chips
- 15 Peppermint Crisp-sjokolades, gewone standaardgrootte
- 10 liter room
- 10 blikke karamel-kondensmelk
- 10 pakkies Tennisbeskuitjies
- 1,5 liter olie
- 3 dosyn eiers
- 3,5 kg koekmeel
- 2 kg bakmargarien, dus 4 × 500 g
- 4 koppies neute, in stukkies
- 3 bakkies roomkaas

Ons benodig dit teen **Woensdag 13 Mei**. Bestanddele kan by die **laer- of hoërskoolkantoor** afgelewer word.

**Ons sal ook baie dankbaar wees vir:**

1. Enige finansiële bydrae om tee, koffie, suiker, melk en stroopwafels vir die Teetuin aan te koop;
2. Drie ouers wat bereid is om die Peppermint Crisp-tertjies vooraf te maak;
3. Ouers (vanuit die hele skool) en leerders wat tydens die Dopperspele vir ’n uur of wat by die Teetuin kan help



# Kalender

Ons deel graag **2027** se kalender met u. Vergewis u asb. van die datums wanneer u vakansies beplan. Die skool sluit waarskynlik DV 30 November vir die leerders vanweë die onderwysers wat by IEB gaan merk. Daar sal by die kleuter- en laerskool nog wagklasse tot 3 Desember wees.

## 2027 CALENDAR FOR PUBLIC SCHOOLS

**JANUARY 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 | 2 |
| 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |
| 31 | | | | | | |

**FEBRUARY 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28 | | | | | | |

**MARCH 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28 | 29 | 30 | 31 | | | |

**APRIL 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | |

**MAY 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 |
| 30 | 31 | | | | | |

**JUNE 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | 29 | 30 | | | |

**JULY 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |

**AUGUST 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | 31 | | | | |

**SEPTEMBER 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | | |

**OCTOBER 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 | 2 |
| 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |

**NOVEMBER 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28 | 29 | 30 | | | | |

**DECEMBER 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | |

| Public and School Holidays 2027 | |
|---|---|
| 01 January | New Year's Day |
| 21 March | Human Rights Day |
| 22 March | Public holiday |
| 26 March | Good Friday |
| 29 March | Family Day |
| 26 April | Special School Holiday |
| 27 April | Freedom Day |
| 01 May | Workers' Day |
| 16 June | Youth Day |
| 09 August | National Women's Day |
| 24 September | Heritage Day |
| 16 December | Day of Reconciliation |
| 25 December | Christmas Day |
| 26 December | Day of Goodwill |
| 27 December | Public holiday |

Weekends
School days
Special school holidays
Days for administration
Public holidays
School holidays

## SUMMARY OF 2027 CALENDAR FOR PUBLIC SCHOOLS

| Term | Duration | No. of weeks | No. of days | No. of public holidays | Actual no. of school days |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | (11)13 January – 19 March | 10 | 48(50) | 0 | 48(50) |
| 2 | 06 April – 25 June | 12 | 59 | 2+1 | 56 |
| 3 | 20 July – 22 September | 10 | 47 | 1 | 46 |
| 4 | 05 October – 08(10) December | 10 | 47(49) | 0 | 47(49) |
| Total | | 42 | 201(205) | 3+1 | 197(201) |

Wees sterk en vol moed

# 9 MEI 2026

Kom ondersteun ons fietsryers!

# cyclelab school series

TE HTS JOHN VORSTER

## PROGRAM

| TYD | OUDERDOM |
|---|---|
| 7:45 | JUNIOR 18/19 GIRLS |
| 8:25 | JUNIOR 17 GIRLS |
| 9:10 | YOUTH 16 GIRLS |
| 9:55 | YOUTH 15 GIRLS |
| 9:58 | SUB-JUNIOR GIRLS |
| 10:45 | SUB- JUNIOR BOYS (1) |
| 11:25 | SUB- JUNIOR BOYS (2) |
| 12:10 | YOUTH 15 BOYS (1) |
| 12:50 | YOUTH 15 BOYS (2) |
| 13:30 | YOUTH 16 BOYS (1) |
| 14:10 | YOUTH 16 BOYS (2) |
| 14:55 | JUNIOR 17 BOYS |
| 15:40 | JUNIOR 18/19 BOYS |

# Kleuterskool

**Kalender:**

**15 Mei:** Lekkertjiedag
**29 Mei:** Lekkertjiedag
**6 Junie:** Witolifantverkoping
**25 Junie:** Oueraand



Laerskool

# TOETSROOSTER

## Kwartaal 2 (2026)

| DAG | GRAAD 4 | GRAAD 5 | GRAAD 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|---|---|
| **Do. 28 Mei** | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde |
| **Di. 2 Jun.** | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans |
| **Do. 4 Jun.** | Nat & Tegn. | Nat & Tegn. | Nat & Tegn. | NW |
| **Vr. 5 Jun.** | | | | Tegnologie |
| **Di. 9 Jun.** | Engels | Engels | Engels | Engels |
| **Do. 11 Jun.** | SW | SW | SW | SW |
| **Vr. 12 Jun.** | | | | EBW |

*Leerlinge ontvang 6 Mei hulle afbakenings.*

Bybelonderrig, Kerkgeskiedenis en Lewensvaardighede/Lewensoriëntering vorm nie in hierdie kwartaal deel van die toetsreeks nie, maar wel deel van die deurlopende assessering en klastoetse.



# Laerskool

## ATKV-redenaars

Baie geluk aan al die sprekers wat deurgedring het na die **ATKV-redenaars**.

Gary van Dyk, Gina Eksteen, Willem le Roux, Heinrich Lee, Ruben Saaiman, Chrisni Gouws, Lorien Smith, Janie Lee, Pieter le Roux, Carla Victor en Adri le Roux.

Hulle neem Vrydag en Saterdag deel aan die eerste uitdunrondte by Hoërskool Menlopark.

Ons is baie trots op julle dat julle ons skool gaan verteenwoordig! Lekker praat!



# Hoërskool

## GEREFORMEERDE HOëRSKOOL DIRK POSTMA
## EKSAMENROOSTER JUNIE 2026 (soos op 30 April)

| | Gr 12 | Tyd | Gr 11 | Tyd | Gr 10 | Tyd | Gr 9 | Tyd | Gr 8 | Tyd |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ma 1/6 | Bybel | 2 | VS Prakties<br>FW Prakties | 3<br>3 | VS Prakties | 2½ | Ekstra klasse | | Ekstra klasse | |
| 2e sessie | | | | | VS Prakties | 3 | Ekstra klasse | | Ekstra klasse | |
| Di 2/6 | Kerkgesk | 2 | Bybel | 2 | Eng I | 2½ | Ekstra klasse | | Ekstra klasse | |
| Wo 3/6 | VS Prakties | 3 | | | Wisk I<br>WG I | 2<br>1½ | NW I | 1½ | LO | 1 |
| 2e sessie | VS Prakties | 3 | | | | | | | | |
| Do 4/6 | FW I<br>RTT Prakties | 1½<br>3 | Wisk I<br>WG I | 2<br>2 | Afr I | 2½ | Afr I | 2 | EB | 1½ |
| Vr 5/6 | Afr I | 2½ | Eng I | 2½ | Rek<br>VS<br>IGO | 2½<br>2½<br>3 | LO | 1 | Afr I | 2½ |
| Ma 8/6 | Wisk I<br>WG II | 3<br>3 | FW I<br>Geo I<br>RTT Prakties | 1½<br>2½<br>2½ | LW<br>Geo I<br>BS | 2½<br>2½<br>2 | Rek | 1½ | Kerkgesk | 1½ |
| 2de sessie | | | Geo II | 1½ | Geo II | 1½ | | | | |
| Di 9/6 | Eng II | 2½ | Kerkgesk | 1½ | Bybel | 1½ | Eng I | 2½ | | |
| Wo 10/6 | Rek I<br>Kuns<br>IGO<br>VS Prakties | 2<br>3<br>3<br>3 | Afr I | 2½ | | | SW | 1½ | Wiskunde | 2 |
| 2de sessie | Rek II | 1 | | | | | | | | |
| Do 11/6 | | | VS Prakties | 3 | FW I<br>RTT Prakties | 1½<br>2 | K & K | 2 | Eng I | 2 |
| 2e sessie | | | VS Prakties | 3 | | | | | | |
| Vr 12/6 | LW<br>Geo I<br>BS | 3<br>3<br>2½ | Rek I<br>VS<br>IGO<br>Kuns | 2<br>3<br>3<br>3 | LO | 1½ | NW II | 1½ | Afr II | 2½ |
| 2e sessie | Geo II | 1½ | Rek II | 1 | | | | | | |
| Ma 15/6<br>Di 16/6 | SKOOLVAKANSIEDAE | | | | | | | | | |
| Wo 17/6 | FW II<br>RTT Teorie | 1½<br>3 | Wisk II<br>WG II | 2<br>2 | FW II<br>RTT Teorie<br>Kuns | 1½<br>2<br>2 | Eng II | 2½ | NW | 2 |
| Do 18/6 | Afr II | 2½ | LO | 1½ | | | Wiskunde | 2 | Eng II | 2 |
| Vr 19/6 | VS | 2½ | LW<br>BS | 2½<br>2½ | Kerkgesk | 1½ | Tegnologie | 1 | SW | 1½ |
| Ma 22/6 | Wisk II<br>WG II | 3<br>3 | FW II<br>RTT Teorie | 1½<br>2½ | Eng II | 2½ | Afr II | 2 | Rek | 1½ |
| Di 23/6 | | | FW Prakties | 3 | | | Kerkgesk | 1½ | Bybel | 1½ |
| Wo 24/6 | FW Prakties | 3 | Afr II | 2½ | Wisk II<br>WG II | 2<br>1½ | | | | |
| Do 25/6 | Eng I | 2 | | | LW Prakties | 2 | EB | 1½ | Tegnologie | 1 |
| Vr 26/6 | LO | 2 | Eng II | 2½ | Afr II | 2½ | Bybel | 1½ | K&K | 2 |

# Hoërskool

## Aan die woord: Interne redenaars by die hoërskool

Op **5 Mei** het 26 Dirkies aangetree om die oratorkuns te beoefen! Hulle het voorwaar die gehoor aan hulle voete gehad! Daar was polemiek, risiko's is geneem, onkruid uitgehaal en gelukkige eindes en nog vele meer. Voorwaar 'n groot verskeidenheid onderwerpe wat in Afrikaans en Engels aangeroer is.

Baie dankie aan die beoordelaars en leerlinge wat as voorsitters en tydhouers opgetree het, julle het die take met sorg afgehandel!

Die volgende leerlinge neem Vrydag aan die **ATKV se redenaarskompetisie** deel:
Eduan Smith – Tieners is onkruid. (Gr.8)
Annaliz Fouché: Jy gee self kunsmis vir jou onkruid! (Gr.8)
Danika Venter: Ons versmoor in 'n kultuur van vrede - ons soek polemiek ! (Gr.11)
Elrike Buys: Slaap maar, die skool sal vir jou opstaan! (Gr.12)

Baie sterkte aan julle!

**Onthou die volgende wyse woorde van Herman Bavinck:**
Die geheim van welsprekendheid is geleë in die gemoed. Sodra hartstog aan die woord kom, is welsprekendheid gebore!

## Toneelgroep gaan na die ATKV toe!

Ons dramagroep oefen die afgelope twee kwartale kliphard aan ons toneelstuk. Dis 'n dramatiese verhaal oor 'n ma en 'n dogter wat uit vrees van die verlede af wegvlug. Daar's smart, vergifnis, liefde en so af en toe 'n stukkie humor! As jy jouself in toneelstukke kan inleef, is **"Hoe Lyk 'n Engel"** beslis vir jou!

Ons nooi u hartlik uit om op **23 Julie, by NG Kerk Waverley- Oos,** te kom kyk na ons opvoering! Kaartjies sal op ons webwerf beskikbaar wees.

Op 4 Augustus durf ons die ATKV-toneelkompetisie aan!

Anna Bester
Verhoogbestuur

## Wiskunde Olimpiade

Op **14 Mei** vind die 2de rondte van die Wiskunde Olimpiade plaas vanaf **14:00 - 16:00 in G2.** Sterkte aan al die deelnemers.

Wees sterk en vol moed

GSDP se toneelgroep bied aan:

# HOE LYK 'N ENGEL?

**Gratis toegang vir kinders onder 7**

## 23 Julie 2026 | NG Kerk Waverley-Oos

## Dickensonlaan 1402 | 18:00


Die volgende leerlinge tree op: Alisha Drijfhout, Danika Venter, Rudy van Rooyen, Aiden Oberholzer, Anli Kruger, Imarie Linde, Annaliz Fouché, Liané Verhoef, Anna Bester, Jandré van Rooyen.

**R50 per persoon**. Slegs 300 sitplekke beskikbaar
Kaartjies beskikbaar op die webblad

**Die toneelgroep gaan met hierdie stuk na die ATKV-Tienertoneel**



WEN JOU WISKUNDE!
CAPS-belyn, Begrip-gefokus.
Rapport-gereed.
Wen Jou Wiskunde bied onafhanklike, CAPS-belynde en skool-geankerde wiskunde ondersteuning aan vir leerders.
Die doel is om wiskundige begrip te bou, selfvertroue te versterk en leerders rapportgereed te maak.
Klasse word in klein groepies aangebied om individuele aandag en konsepbou te versterk.
Getalle, bewerkings en verwaniskappe
Patrone, funksies en algebra
Ruimte en vorm
Meting
Datahantering
Aangebied deur Juffrou Rachelle
BEd Grondslagfase | Honneurs in Leerderondersteuning
WEN JOU WISKUNDE!
wenjouwiskunde@gmail.com • 074 956 0796
074 956 0796

Aros
Studeer
ONDERWYS
"Arrieveer" in 2027 – waar jou roeping om te onderrig, te inspireer en 'n verskil te maak, begin!
• 'n Toeganklike afstandsonderrigmodel
• Ten volle geakkrediteer
• 'n Wye verskeidenheid onderwyskwalifikasies
• Werk én studeer
• Studeer in Afrikaans, jou moedertaal
• 'n Christelike grondslag
www.aros.ac.za
info@aros.ac.za
012 332 3227

# Wen Wetenskap & Wiskunde / Win Science & Maths.

**Graad 10 tot Graad 12**
**Wetenskap Pakkette:**

- Teorieboek met opsommings, vrbe & verduidelikings.
- Flashy Flitskaarte.
- 20 Eksamen Vraestelle met Memo's.

**Graad 8 tot Graad 12**
**Wiskunde Pakkette:**

- Eksamenhulp Vraestelle met Memo's.
- Helena se Teorieboek (Slegs Graad 10 tot Graad 12).
- X-Faktor Werkskaarte en Opsommings.

**Grade 10 to Grade 12**
**Science Combos:**

- Theory Book with summaries, examples and step by step explanations .
- 20 Exam Papers with Answer Sheets.
- Flashy Flash Cards.

**Grade 8 to Grade 12**
**Math Combos:**

- Examination Aid Exam Papers with Answer Sheets.
- X-Factor Worksheets and Summaries.

**LISTEN TO THE PODCAST OF HELENA SPEAKING ON RSG ON THIS LINK**

**PLEASE VISIT**
**HTTPS://WENWETENSKAP.CO.ZA**
**HELENA - 0845103373**
**HV.VERWEY@GMAIL.COM**

# Snapscan Kodes

Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan
GSDP-SKOOLFONDS

Snap here to pay
SnapScan
GSDP-BOUFONDS

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

### BLITS




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.**

